

# Vuk'uzenzele



Produced by Government Communications (GCIS)

English/Afrikaans

| Augustus 2017 Uitgawe 1

## R200m project to improve technology in schools

**THE CONNECTED SCHOOLS** programme will help break the digital divide in schools and assist South Africa in improving the ICT professional development of teachers.

**Sulaiman Philip**

Over the next five years, the Telkom Foundation will invest R200 million to improve ICT, maths and science education in schools. Pilot projects have begun in Gauteng, with the Eastern Cape to follow before the programme is rolled out countrywide.

The first phase of the Connected Schools Programme (CSP) saw new high-technology infrastructure built at five schools in Tshwane West – NM Tsuene High in

Ga-Rankuwa, Ruabohlale Junior Secondary School and Seageng Secondary School in Soshanguve, Winterveldt High and MH Baloyi High in Winterveldt.

New computer labs for 50 pupils were built and 943 learners and 60 teachers at the five schools received tablets and laptops loaded with educational content.

Speaking at the launch of the initiative at Winterveldt High, the Minister of Basic Education, Angie Motshekga, applauded the telecommunications utility and added, "Placing key

ICT devices in the hands of our teachers and learners has the potential to break the digital divide and indeed assist us in improving the ICT professional development of all teachers involved."

### More than just learning

Telkom's Group CEO, Sipho Maseko, explained that the utility and the Department of Basic Education (DBE) intend to create environments that encourage growth and development. Beginning with Grade 8 pupils, the

programme will help them develop skills and prepare them for careers in the ICT sector.

"It has been made very clear that we have a significant skills gap in South Africa, as well as a lack of connectivity in certain areas. While the focus on subjects such as maths and science at a school level has increased, this has not been supported by actual large-scale investment. We are changing that."

A further R130 million will be spent on the Supplements

● **Cont. page 2**



**Job creation all sewn up**

**Page 4**




**World Breastfeeding Week celebrated in August**

**Page 7**



**ALSO AVAILABLE ON:**



**@VukuzenzeleNews**

**f Vuk'uzenzele**

Websites: [www.gcis.gov.za](http://www.gcis.gov.za)

[www.vukuzenzele.gov.za](http://www.vukuzenzele.gov.za)


E-mail: [vukuzenzele@gcis.gov.za](mailto:vukuzenzele@gcis.gov.za)

Tel: (+27) 12 473 0405

**Free Copy**



Placing key ICT devices in the hands of our teachers and learners has the potential to break the digital divide (Photo: Department of Basic Education)



**OR Tambo addressing the Conference of the Women's Section of the ANC in 1981: "The mobilisation of women is the task, not only of women alone, or of men alone, but of all of us, men and women alike, comrades in struggle."**

**Life and Legacy of  
OR TAMBO.  
100 YEARS**



# 'n 'Groen' kurrikulum vir Laerskool Jeppe Park

**DIE SKOOL IS 'N LEWENDE** laboratorium vir 'groen' konstruksie en sy innoverende onderwyskurrikulum sal die leerervaring verbeter.

Sulaiman Philip

**'n** Onbenutte skoenvfabriek in Johannesburg se middestad is as 'n laerskool vir 45 kinders herwin. Dit het ook onlangs die eerste skool in Afrika geword om 'n vierster-groenstergradering vir sy volhoubare en ekologies-vriendelike ontwerp te ontvang.

Laerskool Jeppe Park is 'n lewende laboratorium vir groen konstruksie en sy innoverende onderwyskurrikulum sal die leerervaring verbeter.

Die skool is beplan om hoë-kwaliteit-, laekoste-onderwys aan binnelandse kinders te bied, en het gebaat by die hulp van Johannesburg-gebaseerde argitekte en konstruksiewerkers wat in die groen ekonomies bedrewe is.

Die skool se klein konstruksiebegroting het gelei tot prysens-



Bring groenbewustheid na die skoolomgewing.

waardige innoverende oplossings. Afvalstukke droëmure en houtpalette is herwin om klaskamers en meubels te bou, die biblioteekvloer is gelê met herwonne hout, die puin van

die opknappings is gebruik om 'n nuwe oprit te bou, en herwonne sinkplate het nuwe badkamerplafonne geword.

Die speelterrein is ontwerp om deel te wees van die leer-

proses met die natuur wat 'n integrerende deel van die daaglike skoolervaring vorm. Bykomend tot binnenshuise plante en 'n binnehof met potplanthouers van herwonne houtpalette vir bome en plante, het die skool ook 'n groentetuin begin om die leerders se middagte aan te vul.

Melanie Smuts, stigter van die skool en hoof uitvoerende beampete van die nie-regeringsorganisasie Streetlight Schools, sê: "Ons hooft wegings was koste en hoe om 'n kindervriendelike ruimte in 'n nywerheidsgebied te skep.

Dit was wonderlik om te sien hoeveel van hierdie beginsels ook lei tot die ontwerp van 'n volhoubare en omgewingsvriendelike onderwysruimte. En ons studente is dol daaroor."

## Omgewingsgradering

Die opknapping van die ge-

bou en sy afval-, energie-en waterstelsels is almal omgewingsvriendelik. Dit dien ook 'n meer edele doel, sê Dorah Modise, uitvoerende hoof van die Groen Bouraad van Suid-Afrika. "Hierdie skool voorsien nie net gesonde groen ruimtes en groen begrippe aan benadeelde leerders nie, maar begin ook die noodsaaklike proses om die onderwyssektor meer groen-bewus te maak.

Dit sal grootliks daartoe bydra om hierdie kinders te leer dat hulpbronne beperk is en met 'n prys gepaardgaan."

Daar is drie groenster-graderingsvlakke, wat wissel van vier tot ses sterre en van toepassing is op verskillende sektore, insluitend interieurs, kleinhandel, onderwys en residensiële geboue. Jeppe Park se vierster-gradering beteken dit is 'n voorbeeld van beste praktyk in sy veld. □

# Charmaine Mrwebi droom en skryf in Setswana



Charmaine Mrwebi en haar span gebruik storievertelling om 'n liefde vir lees en skryf aan te wakker.

Sulaiman Philip

**A**lmal moet lees, sê Charmaine Mrwebi. Die gepubliseerde skrywer, bibliotekaris en stigter van die Charmza Literary Club sê: "Ons mense moet

gereeld biblioteke besoek en vriende van boeke word. Onthou, enige persoon wat daagliks boeke lees, ontwikkel beter luistervaardigheid. Leeswerk help leerders en studente ook om beter op skool te presteer."

Charmza Literary Club besoek skole rondom Thaba 'Nchu, Charmaine se tuisdorp, waar sy haar liefde vir lees deel en die belangrikheid daarvan beklemtoon.

Sy wil gemeenskappe bemagtig om hul stories in hul eie taal te vertel. "Ons leer ook vir volwassenes wat die nodige stappe is om 'n boek te skryf, te redigeer en in hulle taal te publiseer."

Mrwebi gebruik haar skoolbesoeke om jong skrywers te identifiseer vir wie sy 'n mentor kan wees. "Ons hou een keer per maand poësievoerings in verskillende skole waar ons leerders aanmoedig om gedigte te lees en te skryf."

Sodra die jong skrywers geïdentifiseer is, sal Mrwebi "... boeke aan hierdie skrywers skenk nadat hulle hul eie boekklubs, poësiegroepes en

leesclubs gevorm het."

## Die werk gaan voort

Sedert 2015 het hierdie Bloemfonteinse skrywer en uitgewer saam met die Mangaung Kultuurfees gewerk om die Mokete-storievertelpiekniek aan te bied. Met behulp van storievertelling en poppespel, vermaak Mrwebi en haar span die kinders in Setswana.

Daarbenewens bied Mrwebi en die Charmza-span elke Dinsdag werksessies vir skoolkinders by die Vrystaatse Sentrum vir Uitvoerende Kunste aan. "Vir een uur ná skool werk ons saam met die kinders. Ons leer hulle dat uitvoerende kuns 'n instrument is waardeur hulle hul wêreld en hul lewens kan verstaan."

Mrwebi, wat in Thaba 'Nchu grootgeword het, was 'n gee-

sdriftige onderwyser. Sy praat dikwels oor hoe lees vir haar 'n manier was om die wêreld te deurreis sonder om haar huis te verlaat. Maar sy het daarna gehunker om boeke oor soortgelyke ervarings te lees wat in Setswana, haar moedertaal, geskryf is.

Sy glo dit is belangrik om jou eie literatuur te lees en te skryf. Sy sê skrywers dink en droom in hul moedertaal en iets raak verlore wanneer dit vertaal word. Sy wil dolgraag haar kultuur met die wêreld deel, en het reeds vier boeke in haar moedertaal self gepubliseer.

Sy hoop dat daar iewers 'n jong Setswana-skrywer is wat, soos sy, inspirasie sal kry om sy of haar eie storie te vertel. En wie inspireer Mrwebi? Haar ouma Ellen Kuzwayo, die bekroonde skrywer van: Call Me Woman. □

# Boerdery as 'n loopbaan word van jongs af gekweek

**'N KWAZULU-NATALSE** program beplan om die opvatting oor boerdery onder jongmense te verander en om hulle aan die talle werkgeleenthede in die landbousektor

## Hlengiwe Ngobese

**D**ie lewens van jeugdiges in KwaZulu-Natal wat passievol is oor boerdery, sal ten goede verander, danksy die provinsie se jongboere-ontwikkelingsprogram.

Die program is 'n vennootskap tussen die KwaZulu-Natalse Departement van Landbou en Landelike Ontwikkeling (DARD) en Denemarke se Dalum Landboukollege - die grootste en oudste landboukollege in dié land.

Terwyl die program aanvanklik gefokus het op die ontwikkeling van jong boere wat by die lewendehawe-sektor betrokke is, is dit nou uitgebrei om agro-verwerking in te sluit.

Die LUR vir Landbou en Landelike Ontwikkeling, Themba Mthembu, sê hierdie vennootskap sal KwaZulu-Natal se kapasiteit vir agri-ondernehemings en agro-verwerking versterk.

"Die Deense landbousektor het uitgebreide ervaring van internasionale landbou- en agri-ondernehemings; 20 persent van Deense produksie word na die buiteland uitgevoer.

"Denemarke het waarde-

volle kennis en ervaring in gevorderde tegnologie, dierewelsynstelsels, voedselveiligheidstelsels, naspeurbaarheidsertifisering, plaasafvalbestuur en alternatiewe energietegnologie," sê die LUR.

Die program sal vir die volgende drie jaar voortgaan, met befondsing deur die KwaZulu-Natalse Departement van Landbou en Landelike Ontwikkeling.

## Verander die wese van boerdery

Die is belangrik vir die departement om die opvatting oor boerdery te verander, sê LUR Mthembu.

"Die provinsie se strategie vir landbou-transformasie erken dat die toekoms van landbou in die provinsie daarvan afhang dat meer jeugdiges tot die boerderybedryf toetree," sê Mthembu.

Volgens die LUR is die gemiddelde ouderdom van Suid-Afrikaanse kommersiële boere ongeveer 63. "Dit is noodsaklik dat ons as regering, in samewerking met die boerderysektor, maniere vind om jeugdiges na boerdery te lok en geleenthede vir hulle



■ Jeugdiges in KwaZulu-Natal kan baat by die jong boere se ontwikkelingsprogram.

te skep."

Hy het bygevoeg dat Suid-Afrika voedselsekuriteit en landbou nodig het om 'n katalisator vir ekonomiese groei in die land te word en dat jongmense kritieke deelnemers hieraan is.

Geleenthede moet meer bied as net opleiding vir werkgeleenthede. "Hulle moet jongmense aanmoedig om landbou-entrepreneurs te word," voeg Mthembu by.

"Gegewe ons land se geskiedenis, beskou die meeste jeugdiges landbou as werk vir arbeiders."

Die departement het ook

ten doel om leerders reeds in die laerskool op te voed. "Ons planne behels beroepsvoortligting om jong leerders bewus te maak van die professionele aspekte sowel as die besigheids- en wetenskaplike aard van die landbousektor."

"In KwaZulu-Natal sal hulle beslis spesiale aandag en ondersteuning kry deur ons pogings om toekomstige boere te ontwikkel," sê die LUR.

Jongmense wat vir die jongboere-ontwikkelingsprogram gekies word, moet:

- betrokke wees by landbou, hetsy as begunstigdes van grondhervorming of pri-

vaat:

- matriek met wiskunde en wetenskap slaag (landbou sal 'n bykomende voordeel wees);
- 'n grondige kennis van Engels hê;
- 12 maande werkservaring hê, en
- 'n Suid-Afrikaanse burger wees. ■

**Vir meer inligting oor die program, kontak: [yfdp@ada-kzn.co.za](mailto:yfdp@ada-kzn.co.za) of bel: 033 347 8600.**

## Matatiele-boere verwag goeie oeste ná opleiding

### Siya Miti

**B**oere in Matatiele se Ongeluksnekgebied in die Oos-Kaap sal die vrugte pluk van massiewe opleidings- en befondsingsbeleggings.

Dit is danksy die Masisizane-fonds en die provinsiale Departement van Landelike Ontwikkeling en Landbouhervorming.

Masisizane is 'n inisiatief van Old Mutual wat daarop gemik is om 'n betekenisvolle bydrae te maak tot werkskepping, armoede-uitwissing en ekonomiese groei deur ondernemingsfinansiering en ondersteuning aan klein, medium en mikro-ondernemings. Dit het heelwat belê om die

kapitaalintensieve kommersiële boerderybedryf vir kleinskaalse swart boere toeganklik te maak. Matatiele, naby die Oos-Kaap se Lesotho-grens, was een van die belangrikste begunstigdes hiervan.

Die fonds het R80 miljoen in plase in die gebied belê, wat meer as 3 400 mense van arm huishoudings bevoordeel. As gevolg hiervan het 498 mense werk gekry en 15 plase wat oor 3 500 hektaar strek, is ondersteun.

Die Oos-Kaapse LUR vir Landelike Ontwikkeling en Landbouhervorming, Mlibo Qoboshiyane, en die Masisizane-fonds se hoof uitvoerende beampete, Zizipho Nyanga, het onlangs 'n geleenthed by die 150-hektaar Delamote-plaas

bygewoon om die begin van die oessequoen te vier.

Delamote-plaas het die afgelope jaar 'n belegging van R1,55 miljoen van die fonds ontvang.

Eienaar Doreen Moshoeshoe sê hoewel dit haar eerste jaar as boer was, verwag sy 'n goeie oes van ongeveer vyf ton per hektaar, danksy die hulp van die departement en die Masisizane-fonds.

### Opkomende boere gekommersialiseer

Onlangs het meer as 'n dosyn Matatiele-boere administratiewe opleiding ontvang om hulle te help om die besigheidsaspekte van hul plase beter te bestuur. Boere het ook sagte lenings en besigheidsondersteuning ontvang.

"Ons gee finansiering aan boere van regerings en ander vennote, en verleen hulp in die vorm van lenings en besigheidsondersteuning om 'n suksesvolle boerderyonderneming te verseker," sê Nyanga.

Sy voeg by dat die fonds help om lewensvatbare markte vir die boere te vind en hulle by te staan met koopooreenkomste waarvolgens die mielies aan groot maatskappye verkoop sal word.

"Ons is baie tevrede met die vennootskap tussen die boere, die Masisizane-fonds en die departement. Met meer van hierdie soort vennootskappe kan ons landbouverwante kwessies vinnig hanteer. Deur van primêre produksie, soos ons hier sien, na

waardetoevoeging te beweg is die beste manier om ons boere te help om vooruit te gaan," sê die LUR.

Die departement het hom verbind tot R3,77 miljoen vir die 2017/18 finansiële jaar. Dit is bykomend tot die beskermde fondse wat dit reeds aan die boere verskaf het.

LUR Qoboshiyane sê: "As ons goeie verhoudings tussen boere, beleggers en finansiële leners kan bou, kan ons 'n projek wat tien jaar sou duur, na 'n driejaar-projek omskakel. Dit sal voorsiening maak vir die bou van verwerkings- en bergingsfasiliteite sodat die boere hul mielies kan berg en later teen premiepryse kan verkoop wanneer die mielieprys daal." ■